## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** dksmith1000@gmail.com

**ACIM Stad: 17 September 19h30**
**ACIM Kolping: 8 November 19h30**
**Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10**

**Boekgroep**
**Maandag 1 Oktober 19h00**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail__________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

### Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM

## 16 SEPTEMBER 2018

## NUWE LEWE

## – LEWE VOOR DIE DOOD –

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Nights in White Satin — Mario Frangoulis ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*U sorg vir die land en gee oorvloed,*
*U maak dit baie vrugbaar.*
*Die groot riviere is vol water,*
*U laat die koring welig staan.*
*Alles is u werk!*
*U maak die ploegvore vol water en die kluite nat,*
*U laat hulle sag word van die reëns,*
*U laat alles welig groei.*
*U kroon die jaar met u goeie gawes.*
*Waar u ook gaan, is daar oorvloed!*
*Daar is volop weiding in die woestyn;*
*die bulte juig,*
*die velde wemel van die kleinvee,*
*die vlaktes staan vol koring;*
*hulle juig en hulle sing.*

— Psalm 65:10-14 —

## STILTE VAN BINNE

## ꩜ Lente — die Seisoen van Vervulling ꩜

**Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. Help die medegelowiges in hul nood en lê jul toe op gasvryheid. Seën jul vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.** — Romeine 12:10-18

### ꩜ Mindfulness — *'om met die hart te luister'* — שִׂימַת לֵב (shimat leb)

- **Die Waarde van Stilte en Afsondering** — vir 5 of 10 minute per dag in gebed / meditasie met 'n mantra of *positive affirmation and devotion*
- **Luister** — maak tyd om toegewyd te luister na mense nie net in WAT hul sê nie maar hoe. Luister na die betekenis, ervaar die gevoel wat hul sê
- **Let op jou Asem** — is dit vlak of diep, kort of lank ... dink aan die Heilige Asem van God wat elke oomblik in en deur ons asem al is ons onbewus
- **Laat jou Voete die Grond Raak** — wees bewus van jou anker, fondasie, en wortels ... maak kontak met jou fisiese omgewing se energie
- **Let op jou Sintuie** — kultiveer en koester jou spirituele sintuie met die bewussyn van 'n fyn ingesteldheid om meer as net die fisiese te ervaar

### ꩜ Meaningfulness — *die interkonneksie en interafhanklikheid tussen als*

- **Eet met Intensie** — met dankbaarheid vir hul wat geplant en geoes het en elke dier wat sy lewe gegee het tot ons versadiging ... proe die Lewe
- **Vat 'n Breek van Skerms** — te veel informasie, te veel tegnologie maak ons stom en blind ... maak tyd elke dag waar jy sonder dit kan klaarkom
- **Mind the Gaps** — let op die spasies tussen woorde, tussen gedagtes, tussen vergaderings, tussen werk en huis, tussen wakker en slaap
- **Wees soms 'n Waarnemer** — jy hoef nie oor alles 'n opinie te hê nie en soms is dit goed om net te 'wees' en die stroom kans te gee om te vloei
- **Besluit!** — *tussen die hand en die mond val die pap op die grond* ... wees dapper genoeg om 'n besluit te neem want sonder dapperheid beteken als wat gesê is, NIKS ... en maak geen talent of geskenk regtig saak nie.



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ LET IT GO — JAMES BAY —

---

Soos 'n wildsbok smag na waterstrome,
so smag my siel na U, O God.
My siel dors na God, na die lewende God.
Wanneer sal ek kom en voor God verskyn?
My trane was dag en nag my voedsel,
terwyl hulle die hele dag vir my sê: "waar is jou God?"
Hierdie dinge onthou ek en ek het my siel uitgestort vanuit my binneste, want ek het gewoonlik saam met die menigte gegaan en hul gelei in die prosessie na die huis van God,
met 'n stem van vreugde en danksegging 'n skare wat feesvier.
Waarom is jy in vertwyfeling, O my siel
en waarom het jy so onrustig geraak in my?
Vertrou in God want ek sal hom weer prys
vir die hulp van sy teenwoordigheid!
O my God, my siel is wanhopig in my daarom onthou ek U
vanuit die land by die Jordaan en die pieke van Hermon,
vanaf die berg Mizar diep roep die diepte by die klank van U watervalle,
al U deinings en U golwe het oor my gerol,
die Here sal sy liefdevolle vriendelikheid opdrag gee in die dag
en Sy lied sal met my wees snags,
'n gebed tot die God van my lewe.

**— Psalm 42:2-9 (Direk Vertaal) —**

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ ALL OF ME — IL DIVO ~